

Project name: AL3283

Date of interview: 9 February 2009

Location of interview: Garsfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 1 hour 14 minutes 56 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Colonel Vic McPherson

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_MCPHERSONVIC_20090209_3

Interviewer	Ek gesels met kolonel Vic McPherson oor die voorval met die Londen-bom waar hy en verskeie van sy agente saam betrokke was. Vic, vertel net vir ons...
Vic	<p>Hier in die laat 76-jare, 1976, was die Soweto-onluste, Soweto-onrus ook en al die jeugdige leiers en skoolkinders het teen die gebruik, of die klasbywonings van Afrikaans betoog, hulle wou niks van Afrikaans weet nie. Toe gaan hulle in revolt en baie van daardie kinders het uit die land gevlug en hulle het opgeëindig in basisse vir opleiding deur die ANC, kommuniste party, Cosatu-mense om bomme te maak om 'n terreuroorlog teen Suid-Afrika te kom voer.</p> <p>En verder wat gebeur het was dat PW Botha het vir mnr. Louis le Grange, hy was toe minister van polisie, uit die Uniegebou geneem en vir hom gesê hy wil vir hom iets op die trappies vertel. Kyk nou die hele, mmm, maar dit moet jy nou nie skryf nie, ag, maar dit is eintlik algemene kennis.</p> <p>Of jy nou 'n Amerikaanse Obama-president is en of jy Gordon Brown is, president van Brittanje, daar waar jy bly, daar waar jy slaap, daar waar jy toesprake maak- alles wat 'n president sê, al sy telefoonoproepe, ek sien hulle sê nou vandag, dis nou nie vir die boek nie, sien vandag hy het daarop aangedring hy wil sy eie nommer hê, 'n Blackberry en hy wil hê die mense moet hom bel,</p>

Obama, as daar 'n probleem is en hulle kry nie joy nie. Nou sien ek hulle wys hier waar hy ... en omdat in die Uniegebou, parlamentsgebou, word alles op band geneem en dit word die volgende dag getranskribeer en dan word dit gestoor in argiewe.

Dis die geskiedenis van die land. Wat elke lid van die kabinet in die parlement sê, in die senaat sê, alles word opgeneem en getranskribeer.

Toe praat hy met Louis le Grange op die trappies, en sê vir hom, jong, ek raak bekommerd kyk hoeveel van julle swart polisielede word by hul huis in die swart woonbuurte doodgemaak. Die ANC gooi handgranate na huise, hulle, en dan by die polisiestasies is dit die swart polisiemanne wat die hekke moet oppas. Hoewel hulle 'n gun, masjiengewere gehad het, daai tyd was daar nog nie bullet proof vests en sulke goed nie en hulle kom skiet hulle met ak-47 gewere, die MK-lede skiet hulle dood.

En hy is bang dat die groot hoeveelheid polisiemanne, swart polisielede eerder, dat hulle mettertyd gaan dink, die blankes bly in luukse wooneenhede, ons bly onder ons eie mense wat ons almal goedgesind is en daar waar hulle bly het hulle geen verskering dat die gemeenskap hulle gaan beskerm nie.

So, toe sê hy, gaan praat met jou manne en sê wat kan hulle doen.

Die kommissaris van polisie van daai tyd was toe Johan Coetzee. So toe het Louis hom ingeroep, na sy kantoor toe. Dit was daardie tyd in die Civitas-gebou gewees en hy sê toe vir hom: Jong, die minister wil weet, ag, PW wil weet, die president, hy wil weet kan ons iets aan die ANC doen dat hulle kan weet dit maak nie saak waar hulle hul bevind nie ons kan hulle seermaak netsoos hulle ons poskantore opblaas, polisiekantore opblaas, moet ons iets soortgelyks, hy kan nie voorskryf wat nie, maar ons moet iets gaan doen.

Toe roep generaal Van der Merwe, ag, Coetzee, vir Craig, vir Craig in en sê vir hom, jong, dit kom nou van heel bo af. Ons moet iets doen. Wat dink jy kan julle doen, kan julle iets doen? Hy sê toe, ons het in daardie stadium 'n behoorlike docket gehad oor die ANC- kantore in Londen en waarin, ons het 'n waarnemingspan gehad op die grond in Londen, 'n bussie, 'n spesiale Volkswagen- bussie, maar met 'n verhoogde dak met eenrigtingvensters, spieëlvensters, en dan bo in die dak ook 'n klein loerpuntjie.

Ons het elke persoon, nie eintlik elke persoon nie, want ons kon nie die heelyd daar rondstaan nie, maar as jy in die verbygaan hoor of iemand sê hier kom nou iemand, dan ry jy verby en kliek hom. So ons het geweet watter tye besoek mense soos Joe Slovo, Chris Hani, Solly Smith het die kantoor hanteer, Gill Marcus.

	<p>Daardie mense was gereeld daar, elke dag. En toe sê Craig hy sal die planne aanmekaar sit. Ons het in elk geval al genoeg materiaal, stofmateriaal wat ons nou ons behoorlike beplanning kan doen enne hy sê, sê net niks vir die minister nie. Hulle sal maar net hoor iets het gebeur.</p> <p>So wat toe gebeur, wat ons toe doen is, en toe begin Craig toe selektief, selfs binne ons groepie, begin hy toe selektief mense kies want net ons sou weet wat ons gaan doen, maar selfs ons eie personeel, tiksters, fotostaatmakers, whatever—hulle het niks geweet nie.</p> <p>Ons kon niemand vertrou nie want die probleem was want jy gaan doen 'n job in Engeland en as hulle jou vang is dit straight 20 jaar en daai 20 jaar verval nie, so ek mag nie my voet daar neersit nie, gryp hulle vir my, hulle het ou foto's van my, beskrywing van my... so al kom ek met 'n ander paspoort of selfs met 'n baard aan... hierdie tyd sou ons dit nie meer kon gedoen het nie, jy weet, met al die bomme, die selfmoordbomme en al daai goed.</p> <p>Nou is daai Heathrow só opgeskerp vir veiligheid. Daar het hulle nou al 15 van ons SAL waardinne en kelners gevang. Hulle het die vlieëniers vrygelaat. En nou weer gevang.</p> <p>Goed, toe het Craig, Craig het toe al die mense wat betrokke sou wees... hy het toe nou al die mense alleen individueel gaan spreek en vertel van die plan. Toe weet ons nou wie almal gaan. Dit was Kol. "Biko" Goosen, eintlik in charge, enne, dan is dit ekself, Kapt. McPherson,</p>
Interviewer	Wie was die span gewees?
Vic	<p>Die span was brigadier, daai tyd kol. Piet Goosen, die intelligensieseksie D het onder hom geval , hy het 'n klomp ander seksies gehad, maar ons het direk onder hom geval. Hy was ons direkte baas.</p> <p>Goed, hy't gegaan, Craig, ek, Vic, Eugene de Kock, John Adam en Jerry Raven- die belangrikste ou, ja, Jerry Raven. Ons was ses.</p> <p>Nou, die doel waarom ons vir Eugene de Kock en John Adam gaan haal het, en ons het baie trips opgegaan na Koevoet toe en, sien , laat ek net een punt maak. Die generaal het met, ek dink, ja, met kol. Wandrag, daardie tyd bevelvoerder van die taakmag, ook die saak gaan bespreek. Ons gaan beskerming nodig hê op die toneel, jy weet ons is nie fighters nie, jy weet, ons is nie gewoon mense doodmaak nie, maar hulle moes iemand om ons sit wat oombliklik reg sou kon reageer.</p> <p>En toe wil hulle vir my 'n ou van die taakmag gee, die polisietaakmag. Ek het baie respek vir hulle, maar toe sê ek vir Craig daardie ou het kort hare en jy kan sien hulle het hierdie R1-ogies. Jy kan sien in hul oë hulle soek net om te skiet, of om dood te maak.</p> <p>Toe sê ek nee, as jy so 'n job wil gaan doen moet jy 'n approach hê van eerstens sal sy Engels nie so goed wees nie. Tweedens</p>

	<p>moet jy kan inblend saam met mense, jy moet lyk soos die Engelse lyk, loop soos die Engelse loop. Toe sê ek kan ek nie liewer... ek moes toe die getaway kar ry... behalwe die recces wat ons elke dag gaan doen het, die verkenning, en gekyk het, fisies met ons oë kyk na die mense, hoe gaan dit.</p> <p>Ons het selfs die polisie wat honderd meter van die ANC-kantore af. Ons het selfs gekyk hoe kom hulle aan diens-selde tye as ons so elke sesde uur- wissel die skofte. En ons het die polisiemanne wat die ANC-kantore patroleer – daardie hele blok- dis die hele beat.</p> <p>Ons het hulle gecheck, hulle tye, watter tye is hulle nie naby die ANC-kantore nie. En dit was so elfuur die aand.</p>
Interviewer	<p>Maar jy sê julle wil spesifieke mense gehad het om julle te beskerm. Wie was die mense wat daai behoefte aan kon voldoen het?</p>
Vic	<p>Daai mense kies ons toe vir Eugene de Kock. Ek en hy was deur al die kursusse. Ons het ver saam gekom in ons polisieloopbaan enne, John Adam, wat ek ook by Koevoet ontmoet het. Hulle aarsel nie, as hulle sien hier kom 'n ou moeilikheid maak, net só "twiek" en af is sy nek. Moet nou nie dit in die boek skryf nie. En toe sê ek vir Jimmy, nee, ek soek nie 'n takie saam met my nie.</p> <p>Ek is bang vir hom want hy gaan vir my majoor of kolonel noem, hy gaan vir my kaptein sê as hy 'n paar biere in het. Jy weet hy is nie gewoon om 'n ander tipe lewe te lei nie. Ons moet hom 'n nuwe vals identiteit gee. So as hy sy reisgertjeks moet teken voor 'n bankmens gaan hy nie per ongeluk weer sy eie, want onthou jou handtekening, as iemand 'n papier voor jou neersit en sê teken gou hier... dan gee jy jou eie handtekening.</p> <p>Maar as jy 'n ander persoon is en jy het ook 'n tjekboek onder 'n ander naam of onder American tjeks, traveller tjeks, en iemand sit dit voor jou neer dan moet jy gekondisioneer wees dat jy begin Klaus Dietrich teken. Jy gaan kry nie jou reisgertjeks by jou eie bankbestuurder nie, jy ry Johannesburg toe waar niemand jou ken nie. Met jou vals paspoort en jy kry jou tjeks in daai naam.</p>
Interviewer	<p>Hoe was die beplanning nou toe gewees, hoe is die bom anderkant in Engeland gekry, en hoe het julle oorgegaan?</p>
Vic	<p>Kom ons praat eers oor hoe die bom in Engeland gekom het. Daardie tyd het hulle al snuffelhonde gehad op Heathrow en al die top Europese lughawens was so. As jy plastiese plofstof moet deursmokkel, of selfs detonators, daai honde ruik dit. Jy kan dit in so 'n sakkie sit, daai honde tel dit op.</p> <p>So ons moes toe 'n ander plan maak. Toe praat ons met Wahl du Toit en die tegniese seksie en hulle doen ook plofstowwe en sulke goed, hulle werk daarmee. Toe sê ons, ons moet 'n bom in Engeland kry deur die ambassade en ons moet- ons het 'n skip,</p>

’n seiljag gehad in die dokke waar hulle besig was om vir ons ’n nuwe seiljag te bou.

So toe dink ons, wel, toe sê Wahl, weet jy, hy kan, hy het gaan kyk na die kapasiteit, hoeveel volume Russiese plofstof- hulle kom in sulke blokkies- maar dit werk met ’n elektriese skok, jy steek hom nie aan met ’n vuurhoutjie nie.

Wat toe gebeur, hy sê toe hy gaan iets bou. Jy kan nie jou dets (detonators) saam met jou plofstof sit nie. As die weerlig die vliegtuig slaan en die det is teen die plasties en... kaboem... dan hardloop die hele vliegtuig. Daar moes dus baie sterk voorkomende maatreëls wees.

Toe bou Wahl vir ons pragtig, hy bou vir ons ’n radio, huh, wat hy eers vat, hy vat ’n blok staal, sit die dets daar in, sweis hom weer toe, en sproei hom groen. Toe begin hy met die bou van ’n skeepsradio vir ’n seiljag. Toe bou hy hierdie deel en die dets se kant die aparate deel. Toe bou hy al die drade en die tuning en hy werk soos ’n regte radio.

Nou, alles is nou in plek, geseël, geen hond kan daai goed ruik nie want hy is geseël, hy is toegesweis. X-rays... hulle sien net die radio. Dit het nie deur die X-rays gegaan nie want dit het nie deur doeane gegaan nie want dit is ’n diplomatieke sak.

Ons verpak dit toe behoorlik in ’n boks. Wat gebeur het... buitelandse sake, hulle het begin voorsorgmaatreëls tref... dit is miskien enkelinge of so... maar as hulle in Londen is koop hulle KVV-wyne wat ons nie daai tyd in Suid-Afrika kon kry nie. Dit is mense van die diplomate-dienste. En dan kom dit in daardie diplomatieke sakke, en daar is ’n ooreenkoms met alle lande van die wêreld dat niemand mag in diplomatieke sakke kyk of raak nie, nie doeane nie, niks. Dit is ’n vertrouensposisie dat jy nie jou ambassade gaan misbruik vir terreur of doodmaak.

Hulle kan in uiterse gevalle aandring dat jy die sak moet oopmaak, maar net as jy baie, baie goeie inligting het. Anders hardloop hulle hof toe, maar jy gaan nie daai sak uitvat nie.

Toe neem ek nou hierdie boks, en dis waaroor ek netnou gepraat het, nou moet jy dit wat binne-in die boks is moet jy oopmaak dat hy sien wat daar binne-in is. Dit is so ’n mollige omie gewees. Hy het daar op die eerste vloer gewerk waar al die diplomatieke sakke gelaai word en ek het hom net oopgemaak en gesê, ek mag dit nou nie vir jou sê nie, maar dit is vir ons seiljag wat in aanbou is in Londen.

Nee, sê hy, dis doodreg en seël hom in die diplomatieke boks, daar gaan hy. Dit was bestem vir die militêre attaché in Suid-Afrika-huis. Ons was baie goed bevriend met hom. So as hy die goed kry het hy geweet wie is ons.

Peter Casselton was toe ons man op die grond. Dan sal Peter soontoe kom. Hy het gereeld ambassade toe gekom om sulke geheime stukke, of hy gaan ambassade toe dat hulle stukke vir hom seël vir hul diplomatieke sakke terug na Suid-Afrika toe

So ons het daar baie goeie vriende gemaak oor jare. Wat toe gebeur het was toe die bom vlieg en kom by die ambassade en Peter Casselton kry toe die pakkie.

Toe moes ons nou... nie ons nie dit is nou Jimmy Taylor... ag, nee, nee... weet jy, oor die taakmag, ek het daardie storie nie klaargepraat nie. Toe sê ek nee, ek soek nie 'n taakmaglaaitie nie. Soek eerder mense van Koevoet. Hulle het nou wel baarde, maar ons kan hulle train vir 'n week, leer hoe moet hulle aantrek, al daai goeters.

Nou is die bom saam met... ons het 'n aparte woonstel gaan huur in Londen spesiaal net om 'n plek te hê waar die bom aanmekaar gesit moet word. Ek gaan daai deel nou eers stop. Die rede hoekom Jerry al klaar daar was... hy het omtrent 'n week of wat voor die tyd gevlieg om die bom te bou.

Terug in Suid-Afrika het al die mense nou ingevlieg en ons het hulle reguit Daisy... dit is die intelligensie se spesiale opleidingsplaas... ons het al ons agente daar opgelei wat geplaas was by universiteitskampusse en binne die ANC se tussentydse huise- transitohuise. Van hulle het in die huise gebly en kon sien wie kom in en wie gaan uit.

Al daardie mense was op ons plaas opgelei. As iemand in opleiding is, is dit net die opleidingsspan en die persoon. Daar kom geen ander agent nie want hulle weet nie van mekaar nie. Geen agent kom saam met 'n ander agent vir opleiding op de-briefing nie. So alles was individueel gedoen.

Toe is ons almal bymekaar gekry en toe gaan ons Daisy-plaas toe en toe begin die voorbereiding die hele week. Daar geslaap, geëet, beplan. Foto's, daar is sulke pragtige foto's teen die mure, die Londense padkaart, straatkaart, padgids, mooi en die roetes, die tubes se roetes uit ons koppe geleer, die roetes van hul rooi busse, hoe werk hulle taxi-bedryf. Enigiets wat transport aanbetref moes ons gaan sit en memoriseer het.

Wel ek was baie al in Londen vantevore, maar hierdie keer was nou 'n bietjie ernstig. En almal se foto's is vir ons ingedril. In daardie week ons almal gegaan vorms invul, of die vorms is vir ons gebring deur binnelandse sake.

Ons het nuwe legendes en nuwe identiteite en elkeen het sy eie agtergrond gehad. Toe kry ons elkeen binne enkele ure ons paspoort, ek Klaus Dietrich, en die ander onder verskillende name.

Jimmy Taylor wat my nou sou kom help het, ek en hy kom jare saam van Durban af om te kom help met die bestuur, die getaway kar- en die waarneming en wat toe gebeur het was ons kry toe ons nuwe paspoorte en internasionale rybewyse.

Dit is by die AA in Schoemanstraat. Jy gaan net in en hulle soek jou paspoort en jou naam en bewys dat jy 'n rybewys het. Jy het 'n vals rybewys onder daardie naam en dan gee hulle dadelik vir jou 'n internasionale rybewys.

Nedbank American Express kredietkaarte gekry, tjekboeke gekry. In daardie week van opleiding en die geestelike voorbereiding het ons die hele tyd net aangespreek op ons nuwe name sodat ons gewoon kan raak. As jy nou in Engeland sit, of hulle arresteer dalk jou, of hulle het iemand anders gevang en bring hom na jou toe, dan kan mens sê nee man, dit is De Wet, dit is mnr. Venter, hy het 'n plaas in Suidwes-Afrika, en dan ken ek sy hele agtergrond en dis hoekom ons moes inoefen. Van daardie dag af was ons nie meer, ek was nie meer Vic nie, Eugene was nie Eugene nie, ons moes gewoond raak om hierdie ander mense te word.

Ek het voor die tyd Durban toe gery, vriend daar met 'n boekwinkel ... jy moet 'n baie goeie storie hê. As jy sê jy is 'n besigheidsmans, toeris... toeris is maklik, maar vir my dekking moes ek gaan boeke koop van die universiteit van Natal, maar hulle het nie, daai is baie boeke wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Nou hierdie een pêl van my, hy het 'n boekwinkel gehad net vir die universiteit en toe sê ek vir hom op jou briefhoof sê jy nou vir my kan jy nie kry nie en dan gaan koop ek dit vir jou aan in Londen. Dit is nou my dekking.

Hy het vir my 'n mooi brief geskryf van al die boeke wat hy soek. Toe ek nou by die immigrasie kom het ek seker gemaak ek het 'n double breasted blou baadjie aangehad met 'n grys broek, my hare en my baard baie mooi getrim. Jy weet, 'n das aan. Jy lyk soos 'n besigheidsmans. En toe ek my tassie, 'n mooi aktetas, maak ek net oop by die doeane en immigrasie en hulle kyk net so 'n bietjie en ek sê jong ek kom as 'n besigheidsmans, maar ek gaan ook 'n bietjie rondloop, toer, ek wil ook darem Madame Tussaud sien, nou vertel jy hulle maar, en Trafalgar Square. Toe het hy net so gekyk, hy het na my brief gekyk. Hy het skaars met my gepraat. Netso gemaak "doef" met sy stempel vir 'n ses maande visum.

So het almal deurgegaan, maar vir een of ander rede, ek weet nou nie of dit Eugene en John se baarde was nie, hulle was bruingebrand, miskien het hulle die voorkoms gehad van fortune soldiers- soiets- toe het die special branch hulle na 'n kamer toe gevat.

Gelukkig het ons hulle legendes ingeprent. Ek dink Eugene was, ek dink nie die brigadier (Goosen) was daar gegryp nie, hy het 'n plaas in Suidwes, in Luderitz. Hy het sy storie reggehad. Toe check hulle al hulle lêers, hulle het hulle drie ure ondervra toe kom hulle uit, toe's hulle skoon.

Ons toe al ry, maar ons kan hulle nie sien nie. Ons het eers later gehoor hulle was aangehou. Special Branch het 'n spesiale waarnemingsspan op hulle gesit. Hulle het net ingegaan as toeriste.

Gelukkig dat ons al daardie voorbereiding daardie week gedoen

het. Hulle het al hul besoekpunte, na Jannie Smuts se standbeeld gaan kyk, Nelson Mandela was daai tyd toe nog nie op die plein nie, maar hulle moet Madame Tussaud se wasbeelde gaan kyk en alles was in hul koppe ingeprent. So nou het ons 'n week voor ons die bom moes plaas. Ons het 'n hele week so gereë l dat ons sekere roetes sal stap of ons sal by sekere toeristeplekke wees dat ons, ons praat nie met mekaar nie, ons kyk nie na mekaar nie, ons check net, ons het verskillende tye gehad waar jy presies moes wees. Jy sit daar en drink 'n lekker pint en dan sien jy, oo, Eugene is oraaait, die brigadier is oraaai, Craig is oraaait.

Jy weet, so sien ons almal mekaar en ek en Jimmy het saamgebly. So ons sien almal. So, nou weet ons. Nou kan ons relax. Ons het in flieks mekaar gesien. Ons was by die Madame Tussaud die hele span, maar nie saam. Nooit ooit eers oogkontak gemaak nie en Eugene het toe nou net gewys hulle is onder observasie. Die span sit toe daar saam met ons wat hulle moes waarneem. Hulle is hier om ons. Ons ken mos teen-agtervolging. Ons sien mos.

So na die derde dag toe wys hulle hulle is vry, die span is weg. So toe het hulle daai klomp convince. Min het hulle geweet hulle het die regte mense wat nog iets moes doen.

Volgende twee weke het niemand geweet waar niemand bly nie. Ook as sekuriteitsblok. Al trek hulle jou naels uit, jou toonnaels uit, martel jou. As jy nie iets weet nie dan weet jy dit nie. Dit was die doel daarvan.

So het ons almal in verskillende hotelle, ek en Jimmy het 'n gastehuis, nee nie 'n gastehuis nie, 'n luukse apartment gehuur. Dit was vooruit betaal vir twee weke deur die travellers buro. Die geld is oorgestuurd. Dit was vooruit betaal. Die motor wat ons gehuur het was vooruit betaal.

So toe ons daar aankom... dit het ook die immigrasiemense beïndruk toe ek daai tassie oopmaak en wys ons het nou 'n Mercedes Benz daar gaan optel, en ons bly in hierdie plek, en al die papiere is daar. Drie sekondes toe's ons deur. Hulle het gesien hierdie ouens is genuine.

Wat toe gebeur is die volgende 13 dae al wat ons gedoen het ons het gestap, ons het die tubes gery, die ondergrondse tubes sodat ons kan weet as ons sou ontsnap het, het ons almal geweet om deur die Engelse kanaal te gaan en in Frankryk te hergroepeer. As iets verkeerd verloop het.

Ons het nou die waarneming gedoen. Daar is 'n pub langs die ANC-kantore, daar het ons nou, ek en Jimmy lekker pints gedrink en terselfdertyd kyk ons deur die venster dan kan ons sien watter mense kom in, watter mense gaan uit.

En ons het ook so tussen-in met die ryery het ons gaan kyk waar bly Chris Hani en waar bly Joe Slovo. Sommer so openlike verkenning gaan hou en foto's van die huis geneem.

In die tyd wat ons die waarneming doen was Jerry Raven en Peter Casselton, toe's hulle in hierdie woonstel wat hulle tydelik gehuur het, het hulle hierdie plastiese papier wat jy gebruik sê nou jy verf 'n huis, die hele plek met tape geseël... een hele kamer... en toe het Jerry Raven, hy het twee Zobo watches gebruik dat daar dubbeld seker gemaak word dat die bom sal afgaan, en hy gaan batterye koop, hy het gaan draadjies koop, hy het gaan tangetjies koop. Al's sulke goeters. Goeters om alles aan mekaar te sit.

En dan is dit net 'n geval van die Zobo-horlosies te stel. Ag, ek gaan nou nie praat oor hoe hulle met die horlosies gemaak het nie. Hy was 'n kenner, die tydmeganismes, hy het geweet hoe dit werk. Dit was sy job.

Nou het hulle die bom geprakseer, ontwikkel, saamgestel. Toe het hulle nou daardie plasties gevat dat daar geen bewyse in die matte intrek of so nie van die reuk van plofstof nie. Hulle het die hele bom mooi toegevou met hierdie hele bondel plastiek en die bom toe binne-in gesit.

Toe is dit die Vrydgaand voordat ons die werk moes doen. Dit was vooraf gereël ons sou ons adres iewers los. Soos vergeet jou koerant iewers op 'n plek met jou adres daarop. Nie 'n direkte kommunikasielyn nie. Die laaste Vrydag het hulle almal geweet waar bly ek en Jimmy toe.

Nou moet almal terugvoering gee. Almal hul angle gee. Wat dink hulle en waar is die tekortkominge. Enigste ding wat ons bietjie bekommerd gemaak het is die Vrydagmiddag toe ons by die pub by die ANC-kantore was, dat die plaaslike taxis binne in die gebou staan met hekke wawyd oop. En toe sien ons die Vrydag die hekke is toe.

Vermoed hulle dalk iets. Hoekom die hekke nou skielik 'n slot aangesit. Maar ons het net gesê ons gaan aan, ons is nou klaar hier. Dit is maklik om oor 'n hek te kom.

Elke persoon het terugvoering gegee wat hy gesien het, hoe loop die roetines, hoe loop die roetine van die polisie met die beat, hoeveel mense is daardie tyd... dit is gelukkig 'n industriële gebied, so semi-industrieel, maar daar bly nie mense nie. Die gewone mense se beweging, hoeveel mense het hulle rondom elfuur daar gesien en so toe wys alles daarop dat elfuur die aand- as daar miskien 'n voertuig ry is dit per toeval.

Toe het ek gaan pizzas koop vir die span. Onder ons apartment het ons so 'n lekker pizza, Italiaanse restaurant gehad. Toe het ek nou daar gaan pizzas koop vir die span want ek sit met 'n groot kombuis en nou moet ek hulle onthaal, maar jy kry nie maklik vleis, maar teen duur pryse. Ons kon nie braai nie. Ons kon nie, jy weet, die dinge doen waaraan ons gewoon is om te doen nie.

Ek het hulle toe onthaal. Ek het ook Suid-Afrikaanse wyne en 'n bottel KWV gaan koop. Al die goed wat ons nie in Suid-Afrika kry

nie. En daar maak hulle die pryse... dit is in Woolworths kan jy KWV koop, maar hulle maak die pryse hoër as in Suid-Afrika want omdat Suid-Afrika nie deel van Europa is nie gee hul voorkeur aan Suid-Amerikaanse wyn, en Franse wyn en Skotse whiskey. So daar is 'n duidelike prysverskil.

Koop toe die Suid-Afrikaanse wyn. Ek weet nie hoe oud was die KWV nie. En sit ons en relax ons, en toe almal met almal gepraat het en ons 'n totale beeld van die situasie gehad het, toe sê die brigadier dis reg, ons go for it. Moreaand go ons for it.

Hy sal met 'n manier met generaal Coetzee kommunikeer en ons gaan deur.

Om vinnig terug te kom na die getaway kar. Nou huur ek 'n Mercedes. 'n Luxury kar. Jong, nou ry daar om Picadilly Circus omtrent vier lane wat omtrent die hele tyd so maal die hele tyd so om.

En toe ek in die Picadilly Circus gaan toe hoes daardie Mercedes toe sê ek nee heerlijkheid, Jimmy, ons kan nie hoes-hoes huistoe kom nie. Hierdie ding gaan nie werk nie. Ry ons terug na die Avis car hire, dis 'n bekende naam, ek sê hierdie Mercedes hoes en proes wat anders het julle vir my. Granada. Ons het hier polisiekarre gery die Granadas daardie tyd. Maar dit is drie-liters en Engeland is dit net 2.8.

Ek sê ek soek 'n Granada, 'n Ford. Nou dit is klaar betaal. Nou kry ek die Ford. Die eerste ding wat my opval is die registrasienommer OAU150, dit is 'n nommerplaat met swart syfers en letters op en toe lag ek en Jimmy so want daai tyd was die Organisasie vir Afrika-eenheid ons nie eintlik baie goedgesind nie. Ons ry nou met die vyand se kar.

Die nag. Ek het my kar bietjie weggesteek om 'n draai en hier kom die spanlede, eintlik was ons vyf op die toneel. Eugene moet vir Jerry bystaan. Maar nou moet Peter Casselton die bom vir my bring. Dit is in so 'n tog-sak, groot ding, so groene. Soos canvas.

Jong, nou kom die bom daar aan en Peter gee vir my die bom en Jerry is daar en ek sien vir Eugene hy is op sy pos en John Adam is op die ander pos en almal is paraat. Nou moet hulle eers oor die hek, dis nou Eugene wat Jerry moet oppas want ons weet daar slaap 'n guerrilla fighter op die vierde vloer.

Maar daar is nie mense nie. Dit is nag daar is niemand binne die kantore nie, behalwe hy wat die gebou moet oppas. Wat toe gebeur ek help hulle toe so. Hou hou my hande soos 'n bak toe help ek vir Eugene en toe vir Jerry oor.

Daai oomblik is jou adrenalien hardloop so hoog want jy weet jy moet 'n ding doen en jy moet dit vinnig doen want ons moet disappear. Daar verdwyn Eugene en Jerry. Nou is hulle daar by die deur. Die deur is so gesak hy is seker trappies af so dis ideaal hy maak daai toe, jy weet hy gaan so hardloop en dan hardloop hy terug.

	<p>Wat toe gebeur, is daar staan hulle daar binne, ek staan by die hek, maar hier is die bom by my voete. En ek vra, ek wil nie skreeu nie, want daar so 'n ou Kombi – bussie bietjie ver terug so omtrent 75 treë weg, en gelukkig het hy nie geweet wat om hom aangaan nie.</p> <p>En al wat ek kon doen want daar was net een manier om aandag te trek, die Afrika-manier – pfuut! (fluit) soos die swartes mekaar roep, pfuut, maar kyk hoeveel swartmense kyk vir jou- dis soos 'n voël - fluit, pfuut. Hier kom hulle aan en vra maar wat is nou fout.</p> <p>Ek sê, maar julle het die bom vergeet... dis senuwees, jy weet. Tel hom op, bokant die hek , daar gaan Jerry, doen sy tricks en hy kom terug. Jy moet nooit hardloop nie, want dit trek aandag... as jy iets gedoen het moet jy nooit hardloop nie. Kom terug stap net rustig na my kar toe. Nou wat doen die bommers behalwe die bom self. Die plastiek wat hulle gebruik het om hul spore dood te vee en daai plek wat hulle gehuur het, al die knyptangetjies, al die battery-houertjies, al die, alles, alles, wat jy met die toneel kan verbind.</p> <p>En ons het 'n ekstra paar skoene i n die motor gehad wat nou, ons was vyf in die kar, en toe ry ons Teemsrivier toe. Alles het opgegaan in die lug met die gebou, maar nou sit ons met skoene.</p> <p>As hulle grondmonsters neem want dit is bietjie natterig, klammerig daar, dan kan hulle jou presies verbind aan die toneel . So die skoene, die handskoene, alles wat ons op die toneel gebruik het gaan in 'n ander sak. Nou ry ons en sien waar loop die Teems lekker sterk.</p> <p>Moer ons dit in die see... dit is reguit see toe. Nou het ons klaar die goed in die Teemsrivier en toe is dit die eerste keer wat ek kan sien waar die ander spanlede bly.</p> <p>Twee was in die Leicester Hotel, jy weet hulle was in gastehuse, want ek moes hulle toe gaan drop. Ek en Jimmy het beurte gemaak. As iets met my sou gebeur dan kan hy darem die span uit vat Frankryk toe.</p> <p>Ons moes toe Holland toe gaan om te relax... so vir vier dae... en hulle het ons in so 'n eksklusiewe gastehuis ingeboek. Ek het die Granada gaan terugboek al my goed by die apartment was betaal, almal het hul rekenings vroeg betaal, ek het die kar vroeg- al so vyf uur terugboek- nou moet ons teruggaan, nou moet ons terugkom Suid-Afrika toe.</p> <p>Ons het ons kaartjies.</p>
Interviewer	Nou hoekom moes julle terugkom? Julle sou dan Holland toe gegaan het?
Vic	Ons sou Holland toe gegaan het, nê. Volgende oggend toe ons

die eerste keer saam op dieselfde vliegtuig sit, maar ons praat steeds nie met mekaar nie. Almal sit in verskeie sitplekke, niemand praat met niemand. Ek dink is 'n vinnige vlug, nie eers twee ure nie.

Toe land ons in Frankfurt. Nou is ons honger, dis vroeg die oggend, ons soek bietjie brekfis. Nou die eerste keer wat ons toe saamsit as 'n groep, want ons gaan toe Holland toe! Nou is ons op Frankfurt en gelukkig was my Duits daardie tyd nog werkbaar om te praat.

Nou sit hulle daar en sê hulle verstaan nie mooi wat op hierdie menu staan nie. Ek sê, nee man, früstuck dis 'n breakfast en ek sê daardie een is eiers en 'n bockwurst en daai is dit.

En toe eet ons, en wragtig daar hoor ons oor die interkom. Ek moet net hierdie woorde in Duits weer mooi gaan nasspeur, nê. Sê die aankoms by die inligtingstoonbank : "Wilst Herr Joseph Slovo bitte nur komm ankumst."

En daar stap Joe Slovo. Ons is toe op dieselfde lughawe en daar stap hy. Toe sê Eugene ons gaan nooit weer so 'n geleentheid kry nie, ons moet hom sommer nou hier doodmaak. Ons het almal sulke geel Bic penne gehad.

Ons het geleer jy steek hom hier onder die borsrib stamp hom in tot in die hart. Sê hy ek en Jimmy moet hom dophou want een of ander tyd moet hy toilet toe gaan. Ons moet hom dophou.

Ons hou hom dan net vas en los hom net daar saggies.

Ek sê toe vir Eugene, okay, dit klink fantasties, hy was toe ons grootste, grootste vyand van Suid-Afrika. Dit klink nou, maar toe sê ek vir Eugene die feit dat hulle hom geroep het, beteken, ons het geen manier gehad om te kommunikeer met Suid-Afrika.

Toe sê ek vir Eugene die feit dat hulle hom geroep het, beteken en ek meen hulle het CCV-TV-kameras orals daarso, as jy in 'n toilet ingaan gaan hulle weet wie was daarbinne . Want hulle het dadelik 'n foto van jou.

Toe sê ek vir Eugene kom ons los dit vir 'n ander dag. Daar gaan weer 'n geleentheid kom. Ek sê die feit dat hy geroep is het hulle die boodskap vir hom gegee. Die bom het geloop. So ons kry ook die boodskap daar, ek dink brigadier Goosen kom toe, ek dink van gernaal Coetzee af wat sê die hele wêreld soek ons. Julle gaan nie Amsterdam toe nie, julle kom dadelik huis toe.

Jong, nou het ons gelukkig almal Nedbank-kaarte.

Nou vat ons ook ons KLM-kaarte, of wat ookal ons gehad het vir Nederland, vat ons dit en dit neem baie tyd want daar is so vlug wat reg staan, SAL, maar toe sien ons dit gaan te lank neem om die geld eens om te slaan in geld en 'n SAL-vlug te koop, toe sê ek ons gaan almal na die SAL-hokkie toe en ons koop dadelik almal vliegtuigkaartjies vir daardie vlug wat daar onder staan en wag.

Toe verstaan Eugene. Toe's almal rustig. Ek sê daar gaan nog kere kom.

	<p>Gou SAL-kaartjies gekry. Toe ons by die vliegtuig kom toe staan al ons tasse wat ons ingepak het, toe staan dit so op 'n ry langs die vliegtuig. Toe sê ek vir hulle daar het iewers 'n bom afgegaan want hoekom staan al die tasse in 'n ry.</p> <p>Toe moes elkeen kom eie tas gee en dan laai hulle hom voor jou oë. Toe weet ek die bom het geloop. Die bom het afgegaan 14 minute oor nege.</p>
Interviewer	Wat die Sondagoggend?
Vic	<p>Die Sondagoggend, ja. Ons het hom elf ure gegee. Die Zobo was gestel vir tien ure. Sien jy haal jou groot wysertjie uit, die groot wyser, en los net die klein wysertjie oor wat die ure werk. Dan sit jy daar 'n gaatjie deur die glas en dan koppel jy jou draadjie, so dan hardloop daai klein wysertjie wat die ure aandui hardloop so om, om, om,om, en as dit negeuur hier is dan raak hy aan die pennetjie wat jy gesit het.</p> <p>Die pennetjie is aan 'n draadjie gesoldeer aan die batterye en dan hardloop die skok.</p> <p>So toe sê ek, nee, weet jy hulle sou ons gevang het. As hulle ons nie daai tyd gevang het nie, sou hulle ons bietjie later gevang het. Want ek meen daai plek was vol kameras.</p> <p>Gelukkig het Eugene gesê hy verstaan.</p> <p>Toe is ons op die vlug. Land in Jan Smuts-lughawe. Toe is daar 'n bussie en vat hulle ons na Daisy-plaas toe. Toe wag daar 'n paar generaals en 'n paar mense.</p> <p>So ons het braaivleis gehou, bier gedrink.</p> <p>Die beste van alles is dat ons nie geweet het of die bom werklik afgegaan het nie. Nou die laaitie wat ons bestuur, dit is 'n adjudant-offisier, ry ons maar ons praat so saggies met mekaar, en hier verby Midrand se omgewing kon ons nie meer ons nuuskierigheid hou nie.</p> <p>Nou vra ons vir die laaitie het die bom afgegaan? Hy sê, maar het julle dit nie in Engeland gesien nie? Hy sê dit was agtuur gisteraand op die nuus.</p> <p>Die bonus was omdat Jerry die bom so perfek daar in daardie holte gepak het, langsaan was daar die printing press van die ANC se maandelikse bulletin. Hy het daardie printing press deur die mure geruk en vir twee, drie meters gerol . So kragtig was daai bom.</p> <p>So het ons maar gebraai en bietjie van ons ondervinding vertel . Almal was happy.</p> <p>Maand of twee later, of drie maande later toe kry die hele span, toe kry ons almal 'n dekorasie, die Polisiester vir uitmuntende diens</p>
Interviewer	En julle het almal, die hele span het amnestie gekry vir die Londen-bom?
Vic	Ja, amnestie en vrywaring en alles, want ons het almal getuig.